

STROOM

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

TWEEDE UITGAWE 2023


Interskole versterk bande

Sportmangees
én nuwe vriende!

bl. 7

Hokkie-kannetjies
kóók! bl. 10

LEEFWYSE



Ses Affies het op 18 April vroegoggend saam met Martin Bester agter die mikrofone van Jacaranda 94.2 ingeskuif om deel te neem aan die Morning Family Quiz. AHS is deur Pretoria Girls High genomineer om deel te neem. Ruan Voster, Pieter Smith, Josua Makram, Gideon Markram, Johan Möller en Wian van Rooyen kon 10 uit die 11 vrae korrek antwoord! (deur Andru van Zyl)

AKADEMIE



Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) het pas 'n sakpas-wiskundebrosjyre bekendgestel en me. Elmarie van Loggerenberg (adjunkhoof: Akademie) was behulpsaam met die samestelling daarvan. Dié brosjyre bevat opsommings en die belangrikste formules wat vir elke wiskundeleerder van onskatbare waarde sal wees. Elke graad 11- en 12-Affie wat Wiskunde neem, ontvang nou dié nuwe brosjyre gratis.

NUUS



'n Splinternuwe sekuriteitsheining voor die ontvangsarea van die skool is tydens die Julievakansie voltooi. Besoekers kry nou toegang deur 'n hek met 'n interkom en sluitstelsel wat vanuit die ontvangskantoor beheer word. Dit skei die skool van die algemene parking vir besoekers. Van links is Luke Labuschagne, Hendrik Cloete, Daniel Barnard, Enzo Loots en Wouter Cloete (almal in matriek).

REDAKSIONEEL

-Gil Hood-

Hierdie is my laaste bydrae as *Stroom-op*-redakteur en terwyl ek nou al hoe nader daaraan kom om van my skool afskeid te neem, besef ek eintlik hoe moeilik dit is om my liefde vir Boereplaas in woorde om te sit. Dit is moeilik om vyf goue jare se broederskap, vyf goue jaar se lag en hui, vyf goue jaar se leiers en vyf goue jaar se tradisie in enkele woorde op te som.

Maar in dieselfde asem is dit moeilik om dankie te sê. Dit is moeilik om dankie te sê vir elke een van my broers wat na elke interhoër die alombekende woorde van "Power" deur my hart laat klop het. Dit is moeilik om dankie te sê aan onderwysers soos juffrou Bredell en juffrou Van der Merwe wat die koue dae in hulle klasse gevul het met insiggewende en soms komiese gesprekke oor die lewe of vir mnr. Pretorius se advies

betreffende belastingontduiking. Dit is moeilik om dankie te sê aan elke liewe een van my medebroers wat by mekaar gestaan het in tye van pyn, tye van hartseer en tye van nood. Dit is moeilik om dankie te sê aan die meesters wat ons vriendelik verplig het om mure te stoot en nommers van matriekdames te kry.

Dit is moeilik om te vergeet van die dae wat dit katte en honde gereën het en ons soos kinders oor die veld gegly het. Dit is moeilik om te vergeet van die lang kaf-rye en die lassies wat gegee is. Dit is moeilik om te vergeet van die lang busritte, gevul met gees en slaap.

Affies, dit is moeilik om te groet, moeilik om dankie te sê, moeilik om te vergeet. Met 'n warboel gedagtes volstaan ek met: "Goodbyes are not forever, are not the end; it simply means I'll miss you until we meet again."




Redaksie

Gil Hood (redakteur), Andru van Zyl, Joshua van Zijl, Adriaan Nel, Deon Spies, Dieter Schubert, Ignus Ferreira, Altus Weiman, Stef Pretorius, Tiaan Loots, Niel Grobbelaar, Dylan Koegelenberg, George Gie en John-Thomas Swanepoel

Dr. Karin Stoffberg stap nou héél voor by die Voortrekkers

-Gil Hood-



Dr. Karin Stoffberg het op 15 Julie geskiedenis gemaak deur die eerste vrou te word wat tot nasionale leier van Die Voortrekkers verkies is. Sy is al vir 50 jaar by dié organisasie betrokke en neem nou die plek van dr. Danie Langner in wat vir tien jaar die hoofleier was.

Volgens dr. Stoffberg is dit veral vir haar belangrik om Die Voortrekkers só te ontwikkel dat dit in die moderne tyd steeds 'n stewige staanplek het. "Die Voortrekkers is eintlik as organisasie tans op 'n baie goeie plek. Ons fokus daarop om vaardighede onder die jeug te ontwikkel, wat leiersvaardighede en ook kennis van die omgewing insluit. In die digitale era waarin ons leef, is dit ook baie belangrik dat ons kinders en jongmense in die natuur kom, wat hul skermtyd beperk," sê sy.

"Ons wil voortgaan om hoë standaarde te handhaaf en streef altyd na uitnemendheid."

Dr. Stoffberg se dienstydperk as hoofleier is tot 2027.



Die Hoë Kommissaris van Ciprus besoek Affie-land

-Stef Pretorius -

Wie weet waar is Ciprus? Wel, dié klein republiek is in die Middellandse See, suid van Turkye geleë. Op 25 Mei het die Hoë Kommissaris van dié geskiedkundige eiland die skool besoek om meer oor Affies te wete te kom en om met die senior geskiedenisleerders te praat. Mnr. Antonis Mandritis is

besonder passievol oor die onderrig van geskiedenis en het vir die seuns vertel hoe dit die mense in sy land én hulle kultuur beïnvloed het. Dit was 'n interessante sessie vol stories oor die verlede en vrae oor die hede. Mnr. Mandritis se besoek het beslis 'n indruk die jong "geskiedenisgeeste" gelaat

en het hul passie vir kulturele verkenning aangevuur.

Interessante feite

Ciprus met sy bevolking van net meer as 'n miljoen mense word al 12 000 jaar lank bewoon en talle antieke magte in die omgewing het dit al beset. Van 1878 tot 1960 was Ciprus in Britse hande. Daarna het die eiland

onafhanklikheid verkry. In 1974 was Griekeland en Turkye in konflik oor dié eiland gewikkel en dit word *de facto* verdeel in 'n Grieks-Cipriotiese deel (die suidwestelike twee derdes) en 'n Turks-Cipriotiese deel (die noordoostelike derde). Slegs Turkye erken egter dié deel as 'n onafhanklike land.



Honderde voornemende Affies kom kuier

-Stef Pretorius -



Affies se opedag was vanjaar op 18 April en voornemende Affies en hul gesinne het van heinde en verre gekom om meer van die skool te wete te kom. Die gaste het met hul aankoms 'n inligtingsleër ontvang en kon koffie of tee in die gesellige area voor 1920 geniet. Daarna kon hul die magdom stalletjies besoek waar al die aktiwiteite by Affies ten toon gestel is. Om nóg meer van AHS te sien, kon die besoekers ook 'n terreintoer onderneem. Die seuns en hul ouers is om 17:00 deur mnr. Peregrine Joynt toegesprek.



Mnr. Antonis Mandritis in gesprek met Affies se geskiedenismanne

GESKIEDENIS VAN EEU-OUER AFFIES IN BOEKVORM BEKENDGESTEL

-Stef Pretorius-



Mnr. Peregrine Joynt oorhandig 'n kopie van die boek aan een van die skrywers, die bekende geskiedkundige en oud-Affie, prof. Fransjohan Pretorius.

Affies se eeufesboek, gevul met 'n honderd jaar se Affie-stories, -erfenis en -broederskap, is ná vier jaar se sweet en harde werk op 22 April tydens 'n spoggeleentheid in die Potgietersaal bekendgestel.

Die skrywers en samestellers was oud-Affie prof. Fransjohan Pretorius (matriek 1966), dr. Pierre Edwards (voormalige hoof en ook oud-Affie, matriek 1970) en mnr. Dirk Taljard (reeds 25 jaar aan Affies verbonde). Hulle het laatmiddag saam met die ander gaste by 1920 bymekaargekom, waar almal

verserings kon geniet voordat hulle na die saal beweeg het. Hier het onder andere voormalige hoofde en afstammelinge van die stigterslede van die skool eksimplare van mnr. Joynt ontvang. Die donateurs het ook hulle kopieë gekry.

By hierdie geleentheid het prof. Pretorius gesê dat die doel met die werk enersyds was om die geskiedenis van die Afrikaanse Hoër Seunskool teen die agtergrond van die politieke en sosiale geskiedenis van Suid Afrika en die Afrikaner te skets. "Andersyds was

Drie skryf saam aan Affies se geskiedenis

'n Lang gekoesterde ideaal het uiteindelik einde verlede maand waar geword toe 'n eeufespublikasie oor die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria verskyn het. **Gert van der Westhuizen** het met drie van die bydraers tot dié projek – Fransjohan Pretorius, Pierre Edwards en Dirk Taljard – gesels.




Om Afrikaanse Hoër Seunskool 1920-2020: 'n Eeu in diens van Afrikaanse onderwys bloot 'n boek te noem, sal nie reg aan dié publikasie laat geskied nie. Dit bestaan uit 16 hoofstukke en 'n slot en beslaan 788 bladsye – uiteraard met 'n indeks, want vir prof. Fransjohan Pretorius kan geen boek oor die geskiedenis op die beskrywing geskiedenisboek aanspraak maak as dit nie 'n indeks het nie.

Jy sal ook nogal 'n stewige koffietafel nodig hê waarop jy dit kan neerleë, want as my badkamerskaal akkuraat is, weeg dit

lank gelede voor die skool gekruis het.

Geskiedenis skryf nie maklik nie Sover vasgestel kan word, is Affies die enigste skool in die land met 'n voltydse argivaris, iets wat die skool uiteraard aantreklik sal maak vir enigiemand wat sy geskiedenis wil boekstaaf. Tog is die skryf van geskiedenis nie maklik nie, veral nie as jy 100 jaar se gebeure in een boek wil saamvat nie.

"Ons het baie gestoei met wat om in die boek op te neem en wat om weg te laat," vertel Edwards. "Die inhoud het ook ver-



Dr. Pierre Edwards, Dirk Taljard en prof. Fransjohan Pretorius met die eeufespublikasie van die Afrikaanse Hoër Seunskool. Foto's: DEAN VIVIER



Die 2023-Affieraad dra die boekenhoutbalk uit die dakwerk van genl. Piet Joubert se huis in die Pretoriaanse middestad, waar die Afrikaanse Hoër Seunskool in 1920 ontstaan het. Die balk word gewoonlik in die Potgietersaal by die skool uitgestal.

Die skrywers het deurentyd probeer om die geskiedenis van die skool te vertel teen die agtergrond van die politieke en sosiale geskiedenis van die land en meer spesifiek die Afrikaner, se Pretorius.

Skooldeskiedenis wat op dié manier vertel word, is baie waardevol vir latere geskiedskrywers wat die lewens wil herskep van "gewone" mense wat gehelp het om die wêreld van vandag te maak wat dit is.

Daar word in *Afrikaanse Hoër Seunskool 1920-2020* onder meer vertel van die Covid-19-pandemie wat die skool se eeufesplanne in 2020 so wreed omgekeerp het. Geskiedskrywers van die toekoms sal dié waardevolle inligting goed kan gebruik as die verhaal van die pandemie eendag vertel moet word.

Beeld het 'n paar dae na die bekendstelling 'n berig oor dié merkwaardige boek geplaas.

dit ook 'n poging om die merkwaardige verhaal te vertel van 'n skool wat oor 'n honderd jaar gereageer het op die politieke en sosiale prikkels van sy tyd, maar terselfdertyd ook voortreflike leiding geneem het om Afrikaanse onderwys van

uitnemendheid na te streef en te bereik," het hy gesê.

Hierdie Affie-meesterstuk wat uit 768 bladsye bestaan en 'n volle 4,1 kg weeg, is nou teen R750 by die finansiële kantoor te koop.

Reuseskatkis van bome op die Plaas!

Affies spog met ten minste 44 inheemse en 16 uitheemse boomspesies op die skoolterrein, waarvan 140 nou met nuwe, groen naamplaatjies gemerk is.

Me. Engela Hechter, oud-Affie Nico Hager en mnr. Adriaan Smit (Engelssonderwyser) het almal hand bygesit met die uitken van dié magdom bome. Mnr. Smit en sy pa kweek bome van saad en het 'n kwekery.

Hulle het 'n rooi-ivoor, melkhout en koraalboom geskenk wat reeds by die skool geplant is.



Oud-Affie Nico Hager (regsgeleerde en boomkenner) en me. Engela Hechter staan hier by 'n wildepruim voor 1920. Nico was in sy tyd by Affies 'n uithaleratleet. Hy het vir jare die spiesgooierekord gehou en het vir twee jaar vir die eerste span rugby gespeel. Hy was ook koshuishoofseun in sy matriekjaar (1978).

Naamplaatjies is nog nie op al die bome aangebring nie, omdat daar eers gefokus is op die bome op roetes wat die meeste voetgangerverkeer dra. Verder is sommige bome, soos die outeniekwageelhout, te klein vir 'n aanskroefplaatjie en dié wag nou vir staanplaatjies.



Francois Hartsliet staan hier by die zoeloeiersielemoen, 'n skaars boomspesie in een van die potte in die vierkant voor die saal.

Mnr. Hager vertel die volgende:

"Die mees prominente bome is nou gemerk en ons hoop om nóg spesies by te voeg", sê mnr. Hager.

"Die bome in die potte voor die saal is baie spesiaal. Oud-Affies het die zoeloeiersielemoen, omsammet en die peperbasboom wat baie skaars is, aan die skool geskenk.

"Die transvaalliguster en die geelkeurboom is ook skaars en daar is 'n ry Wes-Kaapse seepblinkblaarbome langs die B-veld se oostelike grens wat goed aard. Mnr. Smit het ook die besondere fynblaarkarooboerboom uitgewys.

"Die skoolterrein het groot apiesdorings, waarvan die een naby Huis Frank le Roux uitstaan. Die ouderdom van hierdie boom is onbekend, maar apiesdorings kan vinnig groot word as hulle gunstige groeiomstandighede het.

"Dit is interessant dat daar twee prominente essenhoutspesies plek-plek langs mekaar staan. Die essenhout (ekebergia capensis) en die rooi-essenhout (trichillia emetica) word dikwels met mekaar verwar. In die somer, wanneer hulle vrugte dra, kan die verskille baie duidelik gesien word. Agter die hoofpawiljoen is daar groot bome van elke spesie te sien.

"Die witstinkhout en die sjinese netelboom lyk ook baie eenders. Langs die B-veld staan 'n groep sjinese netelbome, terwyl daar ook een van elk van hierdie spesies langs die noord-westelike draai van die atletiekbaan aan die koshuiskant is. Albei spesies dra vruggies waarvan voëls baie hou.

"'n Huilboom by die swembadingang word soms verwar met inheemse doringbome en uitheemse wattelspesies. Dit is belangrik om daarop te let dat die genusnaam vir acacias verander is na vachellia en senegalia. Australië het die genusnaam acacia vir homself toegeëien, al het hulle watteltipes nie dorings nie en al ons s'n wel. Akis in Grieks beteken doring of skerp punt.

"Dit is opwindend om met plante besig te wees, of jy nou 'n amateur of 'n professionele persoon is. Ek wil die Affie-manne aanmoedig om plantkunde, ekologie of verwante wetenskaplike studierigtings te oorweeg. Daar is soveel om te leer, en die mensdom kan net daarby baat", sê Nico



Dis entrepreneursdag – twee vir die prys van een

-Stef Pretorius-

Dit was weer sūlike tyd! Op 10 Mei kon die graad 8's en die seniors heerlik koop en gesels terwyl die graad 9's vir hul EBW-punte moes baklei met hul produkte, pryse en plakkate.

Daar was iets vir almal – drinkgoed om jou dors mee te les, iets om sowel die soet- as die souttand te bevredig, speletjies vir vermaak, en dan natuurlik – twee verskillende Affie-onderbroke!



Die dag was ook vir almal 'n twee-vir-die-prys-van-een-winskopie, aangesien dit ook as 'n sosialiseringseleentheid met die meisies in blou gedien het.

Entrepreneursdag dien eintlik as 'n assessering vir die graad 9's se EBW-punte, maar dit was duidelik dat die dag ook vir hulle meer pret en plesier as werk was – veral omdat daar geld ter sprake was.

Tussen die Affie-rugbyballe en selfoonkassies, die “muscle-man”- kompetisie en die stroopsoet wafels, was vanjaar se entrepreneursdag weer een vir die boeke.



Affie-terugvoer!

In 'n Afrikaans-opdrag van me. Ronel van Niekerk het die graad 9's 'n verslag oor die entrepreneursdag geskryf waarin hulle hul indrukke gegee het.

- “Ek sal aanbeveel dat die pouse 'n bietjie langer moet wees, sodat die seuns meer tyd het om op te ruim.”
– JP Botha
- “Daar was 'n groot verskeidenheid stalletjies om te besoek – alles van roomys tot onderbroke en van sleutelhouers tot selfoonhouers. Ek persoonlik het baie gehou van die “Darts and donuts”-stalletjie. In die algemeen dink ek die entrepreneursdag het baie goed afgeleef. Ek dink die pouse kan dalk 'n bietjie langer wees en daar kan ook meer stalletjies wees.”
– Ben Cilliers
- “As jy 'n lus vir drinkgoed beleef het, was daar vanjaar alles van koffie en tee tot “bubble tea” beskikbaar.”
– Luca Bornman



RH van der Merwe en Gawie de Kock



Luan Marais, Nathan Pucjlowki, Liam Barnard, Josh Fogwill, Juan Potgieter en FC Louw

Musikante presteer by Eisteddfod

-Joshua van Zijl-

Die blaasinstrumentaliste by AHS het uitstekend gevaar by die Pretoria Eisteddfod. Joshua van Zijl (graad 11) is met sy klarinet as die beste houtblaser aangewys. Met sy tuba was Erik Beukes (graad 12) op sy beurt die beste koperblaser terwyl Henri Potgieter (graad 11) die beste punt in die perkussie-afdeling behaal het. Volgens me. Roelien Holland-Müter was die kompetisie baie straf, met 'n totaal van 317 inskrywings in die hout- en koperblaasafdeling.



Joshua van Zijl



Henri Potgieter



Erik Beukes

Die orkeste het ook nie op hulle laat wag nie en die konsert- en strykkorke sowel as die swing-ensemble het 'n A++ behaal en hul onderskeie kategorieë gewen. AHMP het met die toekenning as algehele wenner weggestap, wat dalk welverdiend is ná hul “oorwinning” teen beurtkrag tydens die interskole teen Oranje.



Die konsertorkeste onder leiding van mnr. Floris Smith



DJ Fairbanks werk aan sy beeld.

Kunsklas leer meer by smeltery

-Gil Hood-

Die graad 11 kunsleerders was onlangs by die kunstenaar en Affie-ouer Cobus Haupt se smeltery om beelde wat hul in die klas gemaak het, te votooi. Mnr. Haupt het



Die gietproses

tydens die besoek die proses aan hulle verduidelik voordat hy hulle gehelp het om die wasbeelde te giet.

Volgens mnr. Philip van Emmenis moes die seuns vooraf in die klas beelde van hande maak. Dit is toe met keramiek bedek voordat die metaal uiteindelik in die gietstukke gegiet is. Die keramiek word dan later afgekap. Die seuns moes as 'n laaste stap in die proses die beeldhouwerke skuur en afwerk.



MUSIEKMATRIEKS



Nie baie skole kan spog met soveel matrieks wat musiek as vak het nie!

Kortliks

Agt Affies se literêre werk is in die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Poort-publikasie opgeneem. In die kategorie vir prosa was dit Franco Conradie, Mpumi Rakhudu, Izak Bester, Ignus Ferreira, Naudé Lourens, Wian van Rooyen en Anderson White wat Affies se naam hoog gehou het. Jacques Mouton het op sy beurt twee gedigte geskryf wat in die poësie-kategorie opgeneem is.

KOOR TOER NA DRAKENSBERGE

-Ignus Ferreira-



Die koor het aan die einde van April 'n hoogs suksesvolle en genotvolle toer na die Drakensberge onderneem.

Die Affie-manne het vir drie aande by die Drakensville ATKV-oord geslaap en het met groot entoesiasme aan aktiwiteite soos abseil, put-put en swem deelgeneem. Daar is ook teen mnr. AJ Maree op die waterglybaan resies gejaag. Op die tweede aand het die Roodiasse hul mede-Drakensville-gaste met 'n impromptu konsert bederf. Feitlik die hele oord het vir dié geleentheid opgedaag en die

oordpersoneel moes ekstra stoele vir die toeskouers indra. Daar was egter steeds nie genoeg sitplek nie en van die konsertgangers moes tevrede wees met staanplek in die lokaal wat uit sy nate gebars het.

Die derde oggend het die koor in die donker na die Drakensberg Seunskool vertrek en is op pad daarheen deur 'n besonderse Drakensberg-sonsopkoms begroet. By die Drakies aangekom, het die koor 'n konsert bygewoon waar die Drakensberg Seunskool opgetree het. Daarna kon die groep die stalletjies by die Musiek in die Berge-fees, waarvan die

Affiekoor se optrede ook deel uitgemaak het, besoek. Ná die koor se optrede en 'n vinnige foto met die Drakensberge as agtergrond, is die groep weer met die busse terug na die oord toe.

Op die laaste dag het die Affies by die NG-kerk in Clarens se diens opgetree waarna hulle, as deel van die Clarens Arts Festival, later die dag by dieselfde kerk nóg 'n optrede gehad het. Ná 'n inval op die dorp se winkels om voorraad vir die terugrit aan te skaf, het die Roodiasse teruggekeer van 'n suksesvolle, besige en plesierige naweek.



AFFIE-DEBAT WÉÉR IN DIE FINAAL

-Neil Grobbelaar-

Affies se debatteerders is weer hóg oor die ATKV-semifinaal-hekkie met 'n hele rits spanne wat na die finale rondte van dié bekende debatskompetisie deurgedring het.

Die semifinaal was aan die einde van Mei by Helpmekaar Kollege en nie minder nie as sewe Affie-spanne het deelgeneem.

In die junior afdeling het die spoeg gespat en Affies het uit die stryd getree met twee junior spanne wat na die finaal deurgedring het. Tweede in Gauteng was die span van James Roets, Hendré Lombaard en Juan Ferreira, kort agter die span van ons susterskool wat die boonste trappie ingeneem het. Derde in Gauteng was nóg 'n Affie-span bestaande uit Paul-Ralph

Smit, Werner Victor en Alexander Coetzer Kirstensen.

Ook in die senior-afdeling is daar ordentlik woorde gewissel en AHS-spanne verteenwoordig drie uit die vier finaliste uit die Gauteng-streek. Wian van Rooyen en Ignus Ferreira het hulself goed van hul taak gekwyd en het huis toe gestap as Gauteng se beste. Kort op hulle hakke was George Henderson en Adriaan Nel wat as naasweners van hierdie semifinaal hulle sê gesê het. Jacques Ferreira en Neil Grobbelaar het vierde in Gauteng geïndig en maak die finalistelys vol.

Hierdie vyf spanne gaan in Augustus in die Kaap weer die Affie-stempel afdruk in die finaal van die ATKV-debatskompetisie se geskiedenisboek.



James Roets, Hendré Lombaard en Juan Ferreira

Avontuur, Afrikaans en Affies = uithaler-Voortrekkers

-Gil Hood-



Affies se Presidentsverkeners vir 2023 is Wouter Cloete, Gil Hood en Hendrik Cloete (voor). Agter staan Meyer Jacobs, Marcus Bouwer, George Gie en Berrange Hugo.

Sewe Affies is vanjaar as Presidentsverkeners (PV's) aangewys – die hoogste rang wat 'n Voortrekker kan behaal.

Om te kwalifiseer vir die PV-vraestel, moes die Verkeners vyf jaar se teoretiese werk afhandel, wat onderwerpe soos Afrikanerskap, Burgerskap, Christenskap, Diensbare Leierskap, Omgewing en Vaardighede en Tegnologie insluit. Die Verkenner moet verder meer as ses spesialisasies (soos Noodhulp, Selfbehoud, Manne en Vroue uit die Bybel, 4x4 en motorbootkunde) suksesvol afhandel, twee kampe bywoon en getuig-

skrifte van sy onderwyser, mentor en predikant instuur. As dit alles afgehandel is, moet die Verkenner se aansoek deur die gebiedsraad goedgekeur word voordat hulle die PV-eksamen mag skryf.

Die eksamen is 'n tweeurlange multikeusevraestel wat temas soos Christenskap en Afrikanergeskiedenis insluit. Indien jy met meer as 50% slaag, word die Verkenner (nou bekend as Hoofleierswag) na die afrondingskamp genooi, waar die Presidentsverkeners aangewys word.



Redenaars op pad na Goudini

-John Thomas Swanepoel-

Die ATKV streeks-finaal het op 26 Mei plaasgevind en sewentien Affies het die skool daar verteenwoordig. Vier van dié manne het na die finaal deurgedring wat op 17 Augustus aan die finale rondte by Goudini deelneem.



Chris Chabangu



Mpumi Rakhudu



Alexander Coetzer Kristensen



Wikus Bormann



Tiaan Loots (tweede van links) hier saam met sy gasheerfamilie in Frankfurt.

Duitse kuier gee Affies waardering vir taal, onderwys en kultuur

-Tiaan Loots-

"Vier weke in 'n vreemde land 9 139 km ver van die huis af, gee jou beslis nuwe waardering vir jou taal, kultuur en selfs vir jou onderwysers." Só sê Titus Venter, Sebastian Korb en Tiaan Loots wat onlangs hulle wintervakansie vir 'n bietjie skooltyd in Duitsland verruil het.

Al drie Affies sê hulle is baie vriendelik deur hul gasoërs ontvang en het die pragtige natuurskoon en die silwerskoon en netjiese omgewing baie geniet en waardeer. Boonop het hul Duits natuurlik ook 'n behoorlike hupstoot gekry.

Die manne sê hulle het egter ook met 'n paar uitdagings te doen gekry. Duitsland is 'n plek waar onderwysers soms nie vir skool opdaag nie en waar niemand jou gekla daaroor in Afrikaans kan verstaan nie. Die lus vir braaivleis, Spoegwolf en 'n behoefte aan goeie ou Afrikaanse onderdiggery, het dikwels by hulle opgekom.

Só ver van die huis af kry 'n mens beslis nuwe waardering vir die klein goedjies wat jou kultuur jou bied – die gras is nie altyd groener aan die anderkant van die draad nie.



AFFIES OP REIS!

-Andru van Zyl-



Affies is jaarliks by 'n hele swetterjoel interskole betrokke, maar die kragmetings wég van die Plaas was vanjaar veral hoogtepunte. Sowat vier vliegtuie vol groen baadjies het op 21 April na Kaapstad vertrek

vir die kragmeting teen Paarl Gimnasium en kort daarna, op 19 Mei, het 'n indrukwekkende vloot van 15 Interkaap-busse vroegoggend na Bloemfontein vertrek. By Grey Kollege was dit boonop ook nie nét

die sportmanne wat hul staal kon wys nie, maar ook die kultuuriere.


Almal was nie ewe opgewonde oor die Witbulle se resultate by dié twee interskole nie, maar daar was beslis heelwat ander

uitslae wat Affies gelukkig gemaak het. Die Witstokke het in die Paarl met 'n telling van 3-2 gewen en die tennisspan het op hulle beurt met 6-3 geseëvier.

Die eerste gholfspan was bobaas teen albei skole. Ander sportsoorte soos skaak, landloop, bergfietsry en tafeltennis het ook hul stempel afgedruk. Teen Grey het ons vanjaar ook deelgeneem aan muurbal, 'n sportsoort, wat nou na jare, weer by Affies herleef.

Op die kultuurterrein het die Affie-slimkoppe die senior afdeling van die vasvrankompetisie by Grey Kollege met 'n telling van 58-47 gewen, terwyl die junior span met een punt verloor het. Die kultuuraand in Bloemfontein, waar die koor en 'n paar Affie-orkeste saam met Grey se kultuurgroepe en koor opgetree het, het al die konsertgangers gaande gehad. Verla die Affie-strykorkes wat hul buiging vir die eerste keer by dié geleentheid gemaak het, het die Vrystaters aan die praat gehad.

Dié interskoolkragmetings in verre uithoeke van die land stel selde teleur en die opwinding van massadeelname, ver reis en oorslaap, hetsy in 'n koshuis of by gasouers, maak dit vir die Affie-manne altyd 'n blink geleentheid op die kalender.



'n Eerste – die seniorspan tydens die vasvrankompetisie teen Grey Kollege. Links is Marcus Bouwer, Ignus Ferreira en Christiaan Gous. Regs is Lourens Cornelissen, Steph Labushagne en Juan Engelbrecht.



Blake van der Walt (graad 11)



Koor sing-sing na eindronde van Applous

Die Rooidasse is vroeg in Junie aangewys as een van die nege kore wat na die nasionale finaal van die ATKV-Applous deurgedring het.

Die enigste ander seunskoor wat gaan deelneem, is Paul Roos Gimnasium. AHMP, Eunice High School in Bloemfontein en

Hoërskool Stellenberg se meisieskore het gekwalifiseer en die gemengde kore wat gaan kragte meet, is Die Hoërskool Menlopark, Hoërskool DF Malan, Hoërskool Durbanville en Stirling High School in Oos-Londen.



Onder leiding van mnr. AJ Maree het die Affiekoor in April ook 'n goue medalje by die Pretoria Eisteddfod losgesing. Bo is hulle tydens 'n optrede by die skool.



Oud-Affie Christoph Kotze, oftewel die bekende sanger Appel, is binnekort terug op Affie-bodem wanneer hy as hoofkunstenaar sy buiging by die Wildsfees maak.

Ten spyte van sy besige skedule, het die kunstenaar steeds tyd gemaak om al *Stroom-op* se vrae per stem-boodskap te antwoord.

Christoph beskou sy tyd op Affies as die beste vyf jaar van sy lewe. Hy het as 'n jong seun by Pannevis aangekom en was heeltemal onbekend met die stad. Hy moes egter baie gou leer hoe die hierargie en tradisies in Affies werk en aktiwiteite soos muurstoot is steeds vars in sy geheue. Selfs sy verhoognaam het sy oorsprong in sy dae by Affies toe hy as 'n standard ses

Die Appel val nie ver van die Affie-boom

-Andru van Zyl-

na 'n matriek met dié naam vernoem is. Ook sy jonger broer het drie jaar later dié bynaam gekry.

"Rugby, rugby en rugby" was Christoph se antwoord toe *Stroom-op* hom uitgevra het oor sy buitemuurse aktiwiteite by AHS. Verbasend genoeg het hy nie in die koor gesing nie en ook nie musiek as vak gehad nie. Hy het homself geleer kitaar speel en in graad 11 in die ATKV Crescendo se skeppende afdeling deelgeneem. Dáár het hy besef hy wil musiek graag sy loopbaan maak. Christoph voorspel 'n rooskleurige toekoms vir Afrikaans en Afrikaanse musiek. Wat sy eie bydrae betref, is hy baie beskeie, maar die meeste van ons weet hoeveel gewig sy musiek tans in die musiekwêreld dra.

Skrif is Appel se passie en afgesien van sy eie musiek het hy al hope liedjies vir ander musikante geskryf en só ook blywende spore in Afrikaners se harte gelaat. Liedjies soos *Sal jy bly*, *Hande*, *Skepe*, *Jy is die storm* en dan die heeltemal kontrasterende *Naweeklyfie* het uit sy pen gevloei.

(Hoeveel van dié liedjies kan jy uit jou kop sing?) Dit alleen spreek boekdele oor sy invloed op Afrikaanse musiek en die relevansie van sy skryfwerk vir die huidige generasie.

En vir dié wat wonder – die liedjies

Dina en *Nonna* is 'n uitbeelding van sy eie vrou. Hy skryf baie van sy sukses toe aan die ondersteuning van Sally, die rooikop-liefde in sy lewe.

Van ons almal hier by Affies – welkom tuis!



Appel op sy klasfoto in graad 11

INTERSKOLE BOU BRÛE

Sportmangees en medemenslikheid bo!



SPORTMANSKAP

Affies-speler wyd geloof ná gebaar

Hulp op veld 'wys skole se karakter'

Linkie Bessinger

'n Uitsonderlike gebaar van sportmanskop in 'n rugbywedstryd tussen die Afrikaanse Hoër Seunskool (Affies) van Pretoria en Grey Kollege van Bloemfontein die afgelope naweek in die Rooststad word wyd geloof.

Dieter Schubert, agtsteman van die Witbulle, het Benito Goeda, buitensenter van Grey, go-



Dieter Schubert, agtsteman van Affies, help Benito Goeda, buitensenter van Grey Kollege, strek toe hy 'n kultkramp gekry het ten tyde van die twee skole se kragmeting Saterdag in Bloemfontein.

Dieter sê hy het gesien hoe Benito sy kuit strek en besef

rigter is, sê sportmanskop is 'n baie belangrike deel van enige wedstryd, veral op skolevlak. "Dit is altyd belangrik om sportmanskop te openbaar, veral wanneer daar jong mans betrokke is. As jy na die groter prentjie kyk, was daar Saterdag 30 jong mans wat eendag gaan werk, mans gaan wees vir hul vroue en pa's vir hul kinders. Om goeie waardes uit te leef, wys maar net weer die karakter in skole soos Grey en Affies."

Hoewel die skool nie die uit-slag gekry het waarvoor hulle beplan het nie, bly dit vir hulle lekker om by Grey Kollege in Bloemfontein te kuier.

Bobby Joubert, Grey se direkteur van rugby, sê hoewel hulle vyande op die veld is, is die skool en Affies eintlik groot vriende wat respek vir mekaar het.

Skoolsport en veral rugby is bekend vir die kompeterende aard daarvan. Ná die afgelope kwartaal se wedstryde was dit egter duidelik dat sport ook dien as 'n plek waar brûe tussen mense gebou word – selfs wanneer jy teen jou grootste kompetisie meeding.

Die hele Affie-gemeenskap is aangegryp toe Chris Jordaan, agtsteman van Hoër Jongensskool Paarl (Boishaa) gedurende hul Noord-Suid-wedstryd teen die Witbulle 'n ernstige kopbesering opgedoen het. Na sy lang herstelproses is Chris einde Mei uit die hospitaal ontslaan en het hy by Affies kom kuier. Hoofseun Naudé Lourens het hom voor die skool op die vierkant verwelkom, terwyl Witbultkaptein, Steyn Truter, 'n geskenk van die skool aan hom oorhandig het (foto bo). Chris het toe ook 'n gedeelte van die dag op die Affie-stoepe spandeer en het saam met die graad 11's klasgedraf. In nóg 'n voorval het Witbul-agtsteman, Dieter Schubert, die koerant gehaal omdat hy 'n Grey-teenstaander gehelp strek het toe dié tydens die wedstryd 'n kramp in sy been gekry het. Ook sosiale media het oor dié hulpvaardige Affie gegons.



Oud-Affie-pianis keer terug vir uitvoering

Klassieke pianis Pieter Grobler (oud-Affie 1995) het op 4 Junie as hoofkunstenaar by die Aardklop Aubade-vertoning by Affies opgetree.

Dié bekende oud-Affie het sy doktorsgraad in Musiek aan die gesogte Noord-Texas Universiteit in Amerika onder Joseph Banowetz verwerf en tree gereeld in die VSA en China op. Hy is ook 'n hoogaangeskrewe kamermusiekkunstenaar en professor by die Universiteit van Stellenbosch.

Sy program het Ludwig van Beethoven se geliefde Waldstein Sonata ingesluit, sowel as werke van die Russiese komponis, Nikolai Medtner en C.P.E. Bach. Die Affie-strykkwartet onder leiding van me. Mietze Dill het die Hornpipe en Rigaudon uit die Watermusiek-suite deur G.F. Händel in die voorvertoning gespeel. Die lede van dié kwartet is Martinus van Rooyen (graad 8, viool), Petrus van der Westhuizen (graad 9, viool), Christian Gous (graad 10, altviool) en Benjamin van Tonder (graad 10, tjello).



Mnr. Arnold Cloete (hoof: Uitvoerende Kunste) het Pieter voor die vertoning op 'n toer deur die kunstekampus geneem en hom meer vertel van al die musiekbedrywighede en ook die orkeste. Hy was verbaas oor die feit dat daar tans 250 Affies is wat musiek as vak neem, want in 1995 was hulle maar vyf of ses. "Die musiekkampus sowel as die saal lyk só mooi," het hy gesê. "Die seuns moet baie bevoorreg voel om al hierdie geleenthede te hê."



Kortliks

- Oud-Affie fietsryer Phil Buys, (matriek 2006) het in Junie die eerste plek in die Elite-kategorie van die African Continental Championships by Thaba Trails gewen. Jordan Boshoff, wat verlede jaar in matriek was, het in dieselfde kategorie vyfde geëindig.
- Qewin Nortjé (matriek 2021) was deel van die Junior Bokspan wat van 24 Junie tot 4 Julie aan die Wêreldrugby O/20 Kampioenskap in die Kaap deelgeneem het.
- Dewald Brevis (matriek 2021) is lid van die SA A-krieketspan wat in Junie in drie eendag- en twee vierdagwedstryde teen Sri Lanka A te staan gekom het.

Beeld se berig oor Dieter Schubert.

Afrigters kou ook maar klippe!

-Deon Spies-

Die meeste Affie-rugbyspelers is seker maar soms gespanne as hul opdraf, maar die áfrigters ervaar beslis ook die druk. Al is heelwat sê-goed nie geskik vir publikasie nie, kon *Stroom-op* darem wel die volgende kommentaar by hulle kry.



"Ek het vir hulle gesê PBHS gaan ons dryfmaal aftrek. Ons moet beter wees in die oomblik", sê mnr. Jaco Koch.



"Gorilla stance: Straight back, open chest, eyes up, grip in grass and attitude."



Mnr. Jan Grabe sê 'n paar laaste woorde vir die o.15A's voor hy weens stres verwoed om die hoek gaan rook.



Mnr. Bert Rossouw se senuwees is veral kláár as die span regmaak vir 'n lynstaan. "Die lynstane is omtrent soos 'n gehoreografeerde dans en ek is heeltyd bang iets loop skeef," sê hy. Mnr. Niell Jacobs sê al wat hy staan en dink het, is: "Arme Jeppel! Want ons het hulle seergemaak!"



"Hierdie is 'n kritieke oomblik (game changer) in die wedstryd. Ons moet in die oomblik bly. Fokus op jou huidige rol." – mnr. Koch



Mnr. Ruan Jacobs praat ernstig met die Witbulle tydens die wedstryd teen Paarl Boys High en doen 'n ernstige beroep op die vleuels om nie met die bal oor die kantlyn te hardloop nie.



Mnr. Ruan Jacobs lyk bekommerd.

Selfs sneeu hou die landlopers nie terug nie!

-Dylan Koegelenberg-



Mnr. Wiam Grimes en sy landloopspan was van 10 tot 14 Julie op 'n baie koue landloopkamp op 'n plaas naby Dullstroom.

Die groep het hard geoefen, maar nóg harder gespeel. Die meeste van die ouens het vir die eerste keer sneeu beleef en "Walter die sneeuman" het vinnig gestalte gekry. Tussendeur is mnr. Grimes ook met sneeuballe bestook. Ten spyte van die ysige weer is daar egter ook baie hard geoefen en die landlopers is reg vir die seisoen wat in die derde kwartaal begin.



Tennis maak 'n wye draai in KwazuluNatal

-Tiaan Loots-

Affies se tennisspelers het in Mei aan die Kearsney College Feestoernooi deelgeneem en vierde geëindig. AHS wen die wedstryde teen Kearsney en Rondebosch en verloor teen Westville, Grey en Paul Roos Gimnasium.

Op die foto onder is mnr. Petri Janse van Rensburg, Enzo Loots, Gunter Lubbe, Stephan van Niekerk, Neil Heyl, Wihan Snyders, Lewellyn Barkly, Lourens Swanepoel en mnr. David Jaquire.



Affie-fietsryers trap weer stof in die ander se oë

-Neil Grobbelaar-



Liam Page tydens die wedren by Steyn City

Die Affie-fietsryers het dadelik skouer aan die wiel gesit met hul eerste twee byeenkomste van die seisoen.

Op 21 Mei het die manne deelgeneem aan die jaarlikse interskool teen Grey wat by Happy Valley in Bloemfontein plaasgevind het. Die graad 8's het geseëvier met 'n telling van 15 teenoor 6 en het al drie die poduimpekkle volgestaan. In die graad 9- en 10-wedren het die manne 'n bietjie klippe gekou en met 43 teenoor 62 verloor.

Vir die seniors (graad 11 en 12) was dit 'n naelbytwedren, en Affies het uiteindelik sy rieme styfgeloopt met 'n telling van 73 teenoor 89.

Die Affie-fietsryers het wel seker gemaak dat hulle hul koppe optel by hul tweede wedren van die seisoen – die Cycle Lab MTB Series by Steyn City, Johannesburg. Daar het die 42 manne gesorg vir opwindning tydens die wedren teen 64 ander skole en 780 ryers. Affies eindig, na 'n spoggerige vertoning, bo aan die punteleer.



Affies kraai koning by AHS-gholftoernooi

-George Gie-

Die gholfspelers by Affies het vroeg in April reeds hul staal gewys deur die Affie Gholftoernooi in te palm. Dié toernooi is oor vier dae op die bane van Royal Johannesburg, Wingate, Woodhill en Serengeti beslis.

Die spanne het uit ses spelers elk bestaan en die formaat, wat elke dag gewissel het, is oor die eerste drie rondtes op punte gebaseer.

Op die laaste dag moes die spanne vir 'n posisie uitspeel en Affies 1 het teen Paul Roos te

staan gekom. Die formaat van dié wedstryd was putjiespel (matchplay) en die spanne eindig gelykop. Rialdo de Bruyn (kaptein van die eerste span) het die verantwoordelikheid op hom geneem en uiteindelik die uitspeelputjie gewen.



Gholfs spanne van Affies (eerste, tweede en derde spanne), Paul Roos, Paarl Boishaa, Waterkloof, Kearsney, Grey Kkollege, Hilton, Michaelhouse, Maritzburg en Clifton het aan die Affie-gholftoernooi deelgeneem.

Groot belangstelling én talent by Affie-kampioenskap

-George Gie-

'n Volle veertig Affie-gholfspelers het op 25 Mei in drie afdelings oor 18 putjies aan die interne Affie-kampioenskap op die Waterkloof Gholfbaan deelgeneem. In die C-afdeling was Clinton de la Costa (graad 9) die wenner met 33 punte.

Op 'n uittel het Tertius van der Merwe (graad 9) met 33 punte gewen en Colin Ehlers (graad 11) tweede (ook met 33 punte) geëinig. André Makkink het in die A-afdeling koning gekraai met 'n telling van 72, gelyk aan baansyfer.



Kortliks

- Alexander Louw (graad 11) het Suid-Afrika in Hammamet, Tunisië, by die Afrika Stoeikampioenskap verteenwoordig. Hy wen brons in die Freestyle-kategorie (110 kg).
- Luan de Witt (graad 9) het Noord-Gauteng by die SA Skoleswemkampioenskap in Durban verteenwoordig en het drie medaljes verower. Hy wen goud in die 100 m-rugslag, silwer in die 50 m-rugslag en goud in die 4 x 50 m-vrslagaflos vir seuns van 14 tot 16 jaar.
- Divan de Vries het gedurende die vakansie aan die SA Tweekampkampioenskap deelgeneem en het as wenner van die o.17-afdeling uit die stryd getree. Tweekamp bestaan uit twee dissiplines, naamlik hardloop en fietsry. Deelnemers moet 5 km hardloop, 20 km fietsry en dan weer 2,5 km hardloop.
- Jan Greyling (graad 12) en Ruan Engelbrecht (graad 9) is gekies om Noord-Gauteng by interprovinsiale muurbaltoernooie in Stellenbosch en Bloemfontein te verteenwoordig.



André Makkink was die wenner van die Affie-kampioenskap in die A-afdeling.



William Pienaar (graad 9) het aan die Gauteng XCO-reeks deelgeneem en word gekies vir die Gautengspan wat aan die interprovinsiale kampioenskap by Cascades in KwaZulu Natal deelgeneem het. Hy behaal hier 'n tiende plek.



Atlete in Lusaka vir Afrikaspele

-Dieter Schubert-



Twee Affies het in Mei hul staal by die Afrikaspele in Lusaka gewys.

Hencu Lamberts (graad 11) het 'n goue medalje verower met 'n grootse poging van 20,14 m in gewigstoot.

Hy het die volgende dag ook sy slag met diskus gewys deur die bronsmedalje op te raap met 'n afstand van 53,98 m.

Johandrè Pienaar in graad 12 het nie op hom laat wag nie en het op sy beurt die goue medalje in spiesgooi met 'n afstand van 66,12 m ingepalm.



AFFIES VOORWAAR 'N RUGBYFABRIEK!

-Adriaan Nel-



Die Witbulle se binnesenter, Janco Purchase (graad 11), is gedurende die wintervakansie as lid van die Suid-Afrikaanse Skolerugbyspan aangewys.

Dieter Schubert op volle vaart tydens die wedstryd teen Grey Kollege.

Nie minder nie as 36 Affie-rugbyspelers is vanjaar in provinsiale spanne opgeneem, met Dieter Schubert wat as kaptein van die O.18 Cravenweekspan gekies is. Ook die afrigters

staan hul plek in dié spanne vol, met mnr. Jaco Koch en Ruan Jacobs wat onderskeidelik hoofafrigter en hulpafrigter van die Cravenweekspan is. Mnr. Niell Jacobs is op sy beurt die hoofafrigter van die Blou Bul O.16 Grant Khomospan.

Die ander Affies wat provinsiale leiersposisies, beklee is Muntingh Hamman (kaptein van die Blou Bul O.17-span), Hendré Schoeman (onderkaptein van die Blou Bul O.17-span), Ruben Groenewald (kaptein van die Blou Bul O.16 Grant

Khomo-span), Stefan McDonald (onderkaptein van die Blou Bul O.16 Grant Khomo-span), Elvin Janse van Vuuren (kaptein van die Blou Bul Noordvaal A-span) en Petrus Rautenbach (onderkaptein van die Blou Bul Noordvaal B-span).



Hokkie-jongelinge toon groot belofte

-Altus Weiman-



Die onoorwonne o.14's ná hul wedstryd teen Grey Kollege

Affies se hokkie-toekoms lyk besonder blink, met die o.14A- en o.16A-span wat tans onderskeidelik 'n eerste en sewende plek in die land beklee. Die eerste span is in die 25e plek.

Die o.14's het in die hokkie-seisoen nog nie 'n enkele wedstryd verloor nie. Hulle het 32 wedstryde gespeel waarin hulle 138 doele aangeteken en slegs sewe doele afgestaan het.

Die interskole by Paarl Gimnasium het

veral vir Affie-hokkie baie goed afgeleë. Volgens mnr. Blake Goosen (afrigter) het die eerste span hul beste wedstryd van die seisoen hier gespeel. "Hulle het Vrydagaand alles gegee met 'n hele reeks teenaanvalle en het die wedstryd uiteindelik 3-2 gewen." Die hokkiespanne het sewe wedstryde gewen en in twee gelykop gespeel. AHS het 31 doele aangeteken en sewe afgestaan.



Bobaas doelwagter!



Owen McMenamin (graad 10) is in Julie as doelwagter van die SA Skole o.16A-span aangewys. Hy was ook tydens die Nasionale Interprovinsiale Hokkietoernooi die doelwagter van die Toernooi.



Blou Bulle!

Die Blou Bulle o.17A-span het einde Junie aan die VKB Rugby-week op Reitz deelgeneem. Muntingh Hamman (kaptein van die span) en die loskakel Eagan Roux is onderskeidelik as die beste voorspeler en beste agterspeler aangewys.

